Dinge Wat Nie So Was Van Die Begin Af Nie

. . . van Sy dae, dinge onderrig wat nie so was nie. Ek veronderstel as Hy vandag moes kom, sou Hy dieselfde ding vind: dinge wat nie so was van die begin af nie. As jy altyd wil weet wat die waarheid is, gaan terug na die begin toe. Gaan terug na Génesis toe, en jy kan elke kultus en elke egte van vandag vat. Net . . . Die plante het almal begin in Génesis, want Génesis is die saadhoofstuk van die Bybel. En as ons wil weet wat reg is, gaan terug van die begin af.

2 Net soos ek gisteraand wou sê, wanneer God eenmaal 'n stelling maak, kan Hy nooit afwyk van daardie stelling nie. Hy moet die heelpad daarby hou. Wat Hy in Génesis gesê het, is dieselfde ding in Openbaring, en die heelpad deur. Hy's God, en dis al. Sien? En al Sy Woorde is waar.

3 Nou, ons vind uit toe Jesus gekom het, dat Hy die leraars gevind het wat die Woord van God geneem het en Dit verdraai het na, om hulle te pas. Hulle het die gebooie van God geneem en Dit verdraai na 'n geloofsbelydenis.

4 Nou, onthou, daar's net een Skepper, en alle . . . Satan is nie 'n skepper nie. Wat is *sonde*? *Sonde* is "ongeregtigheid," en *ongeregtigheid* is "verdraaide geregtigheid."

5 Miskien sal ek dit duideliker maak. Hulle is . . . Julle is 'n gemengde gemeente. Julle luister na julle dokter; ek's julle broer. Vir 'n man om saam met sy vrou te leef, is geregtigheid. Hy is met haar getroud. Dieselfde daad met 'n ander vrou, is die dood. Een bring lewe, die ander is die dood. Sien? *Ongeregtigheid* is "verdraaide geregtigheid." Wat is 'n *leuen*? Is die "wanvoorgestelde waarheid."

6 So dis wat Jesus gevind het. En waarin ons almal sal beland, solank as wat ons neem en byvoeg, of wegneem uit God se Woord, verdraai dit God se Woord.

7 So toe Jesus gekom het, het Hy gevind dat hulle God se Woord geneem en Dit verdraai het, en 'n tradisie van die mense gemaak het. En Hy het gesê: "Hoekom maak julle met julle tra- . . . God se Woord verander?" Deur hulle tradisisie te neem, en die Woord van God te verander, Dit iets laat sê wat Dit eintlik nie gesê het nie.

8 Ons vind uit dat Hy dit gevind het in Sy dag, en Hy sou dit hier vind vandag. En Hy, in die Teenwoordigheid, of, in die Persoon van Heilige Gees, dieselfde God wat altyd was, wat

woon in Sy mense in die vorm van die Heilige Gees, dit getuig na buite deur die ware gelowige, dat die mens God se Woord verdraai om by hulle geloofsbelydenis te pas, in plaas van hulle geloofsbelydenis by God se Woord te laat pas.

9 Ek wil hê iemand moet die Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel vind, soos ons dit vandag opsê: "Ek glo in die Heilige Rooms Katolieke kerk, die gemeenskap van die heiliges." Enigiets wat met die dooies gemeenskap hou, is spiritualisme. "Daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die Man Christus Jesus." Dis al. Daar's geen ander middelaar nie. So enigiets. . . Hulle verdraai die dinge, en maak 'n Apostoliese Geloofsbelydenis.

10 As die apostel enige geloofsbelydenis gehad het, was dit Handelinge 2:38. Hy—hy het. . . dis wat hulle die heeltyd gepreek en—en in die mense ingeprent het. Hy moet bekeer tot God, ensovoorts. Dit is, as daar enige geloofsbelydenis in die Bybel is, sou dit daardie wees, wat die apostels gebruik het.

11 So hulle. . . al hulle leiding deur die Heilige Gees het by die Woord gebly. En as enige mens, of engel, ooit enigiets teenstrydig met die Woord sê, Galásiërs 1:8 het gesê: "Laat hom 'n vervloeking wees." Dit moet die Woord van God wees.

12 Paulus het gesê: "As 'n engel uit die Hemel na julle toe kom met enige ander evangelie as dit wat julle alreeds gehoor het, laat hom 'n vervloeking wees." So ons glo dat hemel en aarde sal verbygaan, maar God se Woord sal nie verbygaan nie, want die Woord is God. God kan nie verbygaan nie. Die skepping sal verbygaan, maar God kan nie verbygaan nie.

13 Glad nie 'n plek vir grappe nie, die preekstoel is nie 'n plek vir grappe nie. Ek glo die Woord van God moet van hier af gepreek word met die erns van die—van die hart, en ons moet dit onthou. Maar net om dit te sê, om hierdie punt te maak, die ou swartman, hier iewers in die Suide, het dit eenkeer 'n stelling gemaak, gesê: "Hy sou liewer op die Woord van God staan as om in die Hemel te staan." Hulle het vir hom gevra hoekom. Hy het gesê: "Want beide Hemel en aarde sal verbygaan, maar God se Woord sal nie." Dis reg. Ons moet by die Woord bly.

14 Jesus, toe Hy gekom het, het Hy gesê: "Moses het julle, as gevolg van die hardheid van julle harte, van julle vroue laat skei: maar dit was nie so van die begin af nie." Nou, ons vind dat hulle die gebooie van God geneem het en hulle kragteloos gemaak het.

15 Toe Jesus gekom het, het Hy mense gevind wat na die kerk kyk vir verlossing. Wat het hulle gekry? Geloofsbelydenisse; elke denominasie maak sy eie geloofsbelydenis op. En dit was wat Hy toe gevind het waarop die mense staatgemaak het op die kerk vir verlossing; en hulle het mensgemaakte geloofsbelydenisse gevind.

16 En as Hy vandag in Persoon sou kom en met ons gepraat het, sou Hy dieselfde ding vind: mense wat die Woord van God by hulle denominasie laat pas, deur vir hulle geloofsbelydenisse te gee. En daar's geen verlossing in 'n geloofsbelydenis, as dit nie die Bybel is nie. Dit moet die Bybel wees, want Sy Woord is . . . al wat ons nodig het, is Sy Woord. En Sy Woord, wanneer Hy die Woord is, die Woord van God is God. Dis al. Dis Sy Woord, Hyself. Hy's . . . "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." En die Woord is steeds God. Dit is steeds God.

17 Nou, ons vind uit dat toe Hy gekom het, het Hy die mense gevind, toe, wat die gebooie van God geneem het en hulle kragteloos gemaak het, deur die gebooie van God te neem, en dit aan te pas om by hulle geloofsbelydenisse te pas, sodat dit kragteloos was. En die kerk het gekyk . . . En die mense het na die kerk gekyk, in plaas van om na God se Woord te kyk. So, daarom, het Hy gesê: "Dit was nie so van die begin af nie."

18 Ons vind dit dieselfde vandag, soos wat ek al twee of drie keer aangehaal het vanmôre, en deur daardie horlosie dop te hou, maak dit my senuweeagtig, so ek—ek wil egter dit sê, dat: "Hierdie is waar." Toe in daardie dag soos wat dit nou is, en nou soos dit toe was, roep hulle uit: "Waar is God?"

19 Wel, die einste ding, wat, hulle het God verlaat toe hulle Sy Woord verlaat het. Dis hoekom ons dinge het soos wat ons het vandag, is omdat mense die Woord van God verlaat het.

20 As 'n dokter 'n formule, voorskrif uitgeskryf het, en jy het iets daarby gevoeg, of daaruit uitgehaal, sou jy jou pasiënt doodmaak. Dis reg. Jy moet dit hou soos wat dit geskryf is. Daar's genoeg teenmiddel daar om die gif teen te werk, genoeg gif om die kiem dood te maak. En te veel gif daarin sonder die teengif, sal die pasiënt doodmaak; en—en te veel teengif sonder die gif, wat sou dit doen? Dit sou nie jou pasiënt help nie. So jy moet dit reghou.

21 En dis hoe God se Woord is. Dis God se Voorskrif. Ja, broer. Dis God se Voorskrif vir Sy mense om elke siekte te genees, elke kwaal. Sonde en fisiese, wat dit ook al mag wees, dit word alles nagekom in God se Woord. Amen. Dis God se Woord. Dit was so aan die begin; Dit was so in die middeleeu; Dis so in elke eeu; en Dis so vanmôre, net dieselfde as wat Dit was toe Hy Dit gespreek het, want Dit kan nie enigsins afwyk nie, want Dis God se Woord.

22 Dan mense vandag, geen wonder hulle roep uit: "Dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets soos Goddelike genesing," nie. Hoekom doen hulle dit? Omdat hulle God se Woord geneem het en hulle geloofsbelydenis daarmee verstrengel het, en hulle die verkeerde ding gemeng het. En hulle het geen krag daarin nie. As 'n engel, 'n biskop, 'n aartsbiskop, of wat dit ook al mag wees, kom en een Woord verander, sal dit die hele

Voorskrif verander. Kom ons bly by presies wat Dit gesê het. Wat God gesê het, kom ons los Dit net so.

23 Die kerke het afgedwaal vandag. Hulle is verwoed oppad, om organisasie te vorm, denominasies te vorm, mense geloofsbelydenisse te laat volg in plaas van om Christus te volg. Ek wil geen geloofsbelydenis behalwe Christus hê, geen wet behalwe liefde, en geen boek behalwe die Bybel nie. Dis presies wat ons het: Dis God se Geloofsbelydenis, Dis God se Voorskrif. Dis God se Teenmiddel teen sonde. Dis God se Teenmiddel vir ons genesing, en Dis—Dis God se krag gemanifesteer aan ons, soos ons die Woord in ons lewens inneem.

24 Nou, ons vind uit dat hulle antwoord, terugskree: "Waar is die God van Moses?" Die rede waarom Moses by God en die dinge gebly het was, God Moses se voorskrif gevolg het, Moses God se Woord gevolg het. Soos Petrus, Jakobus, en Johannes elke keer die kol getref het, omdat hulle—hulle die Woord gevolg het.

25 Hier 'n tyd gelede. . . Almal weet ek hou van teiken, en skiet, ensovoorts. En ek het 'n klein Model 70 Winchester gehad. Ek het buite gestaan, en op vyftig treë, op 'n skietbaan, het ek agt koeëls deur dieselfde gat geskiet, op vyftig treë. En dit het bietjie uitgegaan, geskiet. Jy moet daarmee speel en dit verstel. En ek hou daarvan om dit te doen, soort van my senuwees te kalmeer. En dit het uitgeraak. Ek kon dit nie laat inkom nie. Ek het gedink dit moet weer ingebed word.

26 Ek het dit teruggestuur na die Winchester Maatskappy. Hulle het teruggestuur, en gesê: "O, Broer Branham, of, Mnr. Branham," hulle het gesê: "as. . . daardie Winchester is een van die bestes." Gesê: "Dit sal 'n duim groepeer op vyftig treë, op vyf-en-twintig treë, bedoel ek, 'n duim op vyf-en-twintig treë." Gesê: "Dis die beste wat jy dit ooit sal kry."

27 Ek het anders geweet. Ek het geweet dat ek op vyftig treë agt kolskote agtermekaar daarmee ingeskiet het. So ek het geweet dat dit verkeerd was. Nou, dis hoe. . . En ek kon nie rus tot ek dit teruggekry het nie. Nou, dit sal dieselfde ding doen.

28 Nou, ek's nie een van hierdie mense wat daarvan hou om te hoes en proes: "Die kerk sê so, so kom ons bly daarby," nie. As die apostels, deur die Woord van God, deur die gebooie van God, deur dieselfde Heilige Gees wat ons het, die kolskote ingeskiet het van Goddelike genesing, tot kragte van God, as ons daarby sal bly, ons weet dit is so daar, so bly totdat ons ingestel is op die kol, dis al, want ons weet dit het dit een keer gedoen.

29 Hoe is: "die dae van wonderwerke is verby," en "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid"? Hoe kan daardie God dood wees wat weer opgestaan het, en tot in ewigheid lewe? Hoe kan ons dit in 'n geloofsbelydenis verander, wanneer God geen geloofsbelydenis het nie?

30 God is 'n Persoon. God woon in Sy Kerk, en jy is Sy Kerk. As jy wedergebore is, en gevul is met die Heilige Gees, is jy God se Kerk. God woon in jou. . . Hy tabernakel in jou. Toe God afgekom het, vlees geword het en onder ons gewoon het, wat het Hy gedoen? Hy—Hy het Sy tent uitgesprei onder mense. Hy—Hy het Sy vorm gekruis van God na die mens om te word, dat die mens soos Hy kon word. O, Hy het ek geword, dat ek, deur Sy genade, Hy kon word.

31 O, wat 'n groot ding. Ons sal nooit verstaan wat dit was nie. Geen wonder mense roep uit vandag: "Waar is God?" nie. Kom terug na die Woord toe. Kom terug na die begin toe.

32 In die begin het Hy vir Sy dissipels gesê: "Gaan julle in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie. Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Dit was dit. Gaan terug na daardie selfde Woord en Dit sal dieselfde ding voortbring. Hulle het daardie Woord gevolg, en Dit het gefokus op die kol en het die kolskote ingeskiet. Elke kolskoot, elke belofte wat God gemaak het, is gemanifesteer.

33 As ons sal teruggaan na dieselfde Woord toe, sal Dit dieselfde kolskote inskiet, dieselfde wonderwerke doen, dieselfde dinge doen, dieselfde lewe vorm, dieselfde skepsel vorm, die dooies opwek, die siekes genees, duiwels uitdryf, visioene sien, profeteer. Dis dieselfde Evangelie wat toe die kolskoot ingeskiet het, as ons sal teruggaan na dieselfde.

34 Soos, kry die geweer terug in dieselfde toestand wat dit in die eerste plek was, al die vibrasies daaruit, dit sal daardie koeël net reguit op die kol laat fokus. As ons al die vibrasies van ongeloof uit ons uitkry, sal God se Woord net presies op die kol fokus soos wat dit aan die begin het. Dis presies reg. Dit sal elke keer op die kol fokus. Dit het een keer; Dit sal dit weer doen. Moenie tevrede wees met 'n geloofsbelydenis of iets nie. Bly net daar totdat die Woord op die kol fokus.

35 Dit herinner my aan die tyd toe die moeder en vader, of, pleegvader van ons Here Jesus Hom na die Pinksterfees toe geneem het. En hulle het drie dagreise ver gegaan, en—en uiteindelik het hulle Hom gemis. Hulle—hulle kon Hom nie vind nie.

36 Dis hoe die kerk nou gegaan het. Dit het gegaan meer. . . dit was omtrent tweeduisend jaar ver op reis, en het Hom gemis. Hier is dit. Daar verskyn oral tekens van Sy Koms, en hulle sê: "Waar is God? Waar is God? Wat het van Hom geword?"

37 Het julle opgelet? Maria en Josef het na Hom gesoek onder hulle familie, maar hulle het Hom nie gevind nie. Vandag gaan ons terug om te sien of die Metodiste Hom het, die Baptiste Hom het, die Presbiteriane, of die Lutherane. Nee, meneer, hulle het Hom nie gevind nie. Ons sal Hom ook nie vandag vind nie. Maak

nie saak hoeveel ons probeer teruggaan en een van daardie ou, dooie denominasies laat herleef nie, ons sal dit nooit doen nie.

38 Waar het hulle Hom gevind? Waar hulle Hom gelos het. Halleluja! Dink ek's 'n holy-roller; ek reken ek is. Julle sal Hom vind net soos hulle het: waar hulle Hom gelos het. Waar hulle Hom gelos het, dis waar hulle Hom gevind het. Dis waar die kerk Hom sal vind.

39 Waar het hulle Hom gelos? By die Pinksterfees. Waar sal die kerk Hom vind? Terug by die Pinksterfees, waar hulle Hom gelos het, toe hulle weggetrek het van die doktrine van die apostels, ensovoorts. Terug in daardie vroeë eeue destyds daar, het hulle daarvan weggetrek en hulle eie geloofsbelydenisse gevorm, en die Nikolaïetiese doktrine begin, die Katolieke kerk gevorm, 'n godsdiens georganiseer van—van wat die Christengodsdiens genoem word. En van daar af het hulle georganiseer, en die dinge afgebreek, en al die Christene in geloofsbelydenisse ingebring, ensovoorts, en dit alles vermeng totdat dit net dieselfde konglomerasie is wat Hy gevind het toe Hy gekom het. Dis presies.

40 Terug na die begin waar ons Hom gelos het, toe Hy magtig was, toe Hy die dooies opgewek het, en die siekes genees het, en duiwels uitgedryf het; dis reguit terug na die begin, waar ons Hom gelos het.

41 Hulle sê: "Waar is Hy? Is Hy by die Metodiste? Is Hy by die Baptiste?" Of selfs: "Is Hy by die Pinksters?" Nee, meneer. Gaan terug na die oorspr-. . . .nie Pinksterorganisasie, Pinksterdenominasie nie, dis 'n naam. Wie kan Pinkster organiseer? Sê vir my. Pinkster is nie 'n organisasie nie. Pinkster is 'n ondervinding vir elke gelowige wat dit wil ontvang. Terug na die ondervinding, nie terug na 'n organisasie nie, maar terug na 'n ondervinding. Pinkster is 'n ondervinding.

42 Laat ek vir julle iets sê. Jy kyk na die vrugte wat die Pinksterkerke vandag dra, sal jy uitvind dat hulle nie by die begin begin het nie: stry, baklei, veg, onderstebo, trek *hier*voor, en trek *daar*voor. Jesus het in Johannes 14, of Johannes 15 gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." Is dit reg?

43 Nou, julle boere, julle Texane, Louisianers, en wat-julle-mag-wees hier, elkeen wat gesonde verstand het, wat al ooit 'n wynstok sien groei het, weet dat die wynstok nie vrugte dra nie. Dis die lote van die wynstok wat vrug dra, maar dit kry sy lewe van die wynstok af. Jesus is ons bron van die Lewe. Ja, meneer. Nou, dan sal ons oplet, as Jesus die bron van ons Lewe is, dan is Hy die ware Wynstok. Die einste lewe wat in die wynstok is, is in die loot. En as daardie wynstok 'n eerste loot voortbring, en daardie loot dra 'n tros druiwe daaraan. As dit ooit nog 'n loot voortbring, sal dit 'n tros druiwe wees. Dit nog 'n loot voortbring,

sal dit 'n tros druiwe wees. En dit sal dieselfde soort loot wees tot aan die einde van die wynstok. O God.

Nou, het ek my halfuur nodig; maak net gereed om dit te bereik. Amen.

44 Elke keer wat daardie wynstok 'n loot voortbring, sal dit soos die eerste loot wees. Hoekom? Omdat die lewe wat in die wynstok is, dieselfde soort loot sal voortbring. As die eerste wynstok druiwe voortgebring het, sal die volgende een nie pampoene voortbring nie. Die volgende sal nie sitrusvrugte voortbring nie. En dan, naderhand, af soos daardie, dit sal dit nie doen nie.

45 As die ware Wynstok 'n loot voortbring, en as. . .Jesus is die Loot in die eerste, of, die Wynstok. En die eerste loot wat voortgebring het, hulle het 'n Boek van Handelinge daarna geskryf. Dit reg? Die Pinksterkerk, die ware Pinksterkerk, en dit het 'n Boek van Handelinge geskryf, met tekens en wonders wat die gelowige gevolg het. As daardie ware Wynstok nog 'n ware loot voortbring, sal hulle 'n boek van Handelinge daarna skryf. Ja, meneer.

46 Hier in Arizona, nie lank gelede nie, het ek gekyk na 'n boom op 'n man se erf: 'n sitrusboom. Dit het nege verskillende soorte vrugte aan een boom gehad. Dit was. Elkeen van hulle was 'n ander vrug. Dit was 'n lemoenboom om mee te begin, maar dit het granate gehad; dit het—dit het suurlemoene gehad; dit het pomelo's gehad; allerhande soorte sitrusvrugte. Hoekom? Hulle was daarop geënt. Hulle het van die lewe van daardie boom gelewe, maar hulle kon niks anders dra as wat hulle was nie. Hulle kon nie lemoene dra nie, want hulle is 'n geënte stok. Maar elke keer wat die boom 'n egte loot uit homself voortgebring het, was dit 'n lemoenboom, en het dit lemoene gedra.

47 Dis hoe dit vandag is. Ons het Metodis, Baptis, Presbiteriaanse wynstokke geënt op die ware Wynstok, en wat lewe uit die krag Daarvan. Maar dit kan niks anders as geloofsbelydenisse en denominasie dra nie. Maar as daardie Wynstok ooit nog 'n loot voortbring, sal dit interdenominasioneel wees, aangedryf deur die Heilige Gees, net presies soos dit was op die Dag van—van Pinkster; terug na die begin. Amen.

Ek beter klaarmaak. Amen.

48 As daardie Wynstok ooit weer nog 'n loot voortbring, sal dit wees nét soos aan die begin. Ons ent allerhande soort kerkgeloofsbelydenisse daarop: Baptis, Metodis, Pinkster, Presbiteriaan, Lutheraan, Baptis; en hulle dra elkeen Baptiste vrugte, Metodiste vrugte; Pinkstervrugte, en al die res. Maar wanneer dit terugkom, as daardie Wynstok ooit nog 'n egte loot voortbring, sal dit Heilige Gees vrugte dra. Amen. Dit sal . . .

Hulle sê: "Wel, ons is Metodiste."

"Dit was nie so van die begin af nie."

"Ons is Baptiste."

"Dit was nie so van die begin af nie."

"Ons is Presbiteriaans."

"Dit was nie so van die begin af nie."

"Ons glo nie in praat in tale nie."

"Dit was nie so van die begin af nie."

"Ons glo nie in Goddelike genesing in ons kerk nie."

"Dit was nie so van die begin af nie." Halleluja! Wat ons vandag nodig het, is weer iets terug na die begin, terug na die begin. Halleluja!

My tyd is verby. Kom ons bid.

49 Here Jesus, o, mag ek lewe om die dag te sien waarop die kerk teruggaan na die begin. Skenk dit, Here. Vul hierdie plekkie vanmôre. Salf hierdie pastoortjie hier, Here, en hierdie ander. Gee ons van U heerlikheid. Gee ons van U genade. Gee vir ons 'n diens hier, Here.

50 Laat ons van ander dinge vergeet en teruggaan na die begin, want ons weet dat ons Meester in ons harte spreek vanmôre. Kry hier geënte wynstokke hier weg. Sonder jouself af van ongeloof. Gaan terug na die begin. Dis waar dit so was. En, Here, ons wil hê alles moet van die begin af wees.

51 Here, laat ons ondervinding, as ons dit ooit gehad het tot vanmôre. . . As daar iemand hier sit wat nog nooit daardie Gees-ondervinding gehad het, en daardie selfde Gees het wat uitgestort is aan die begin nie, waarom sou ons 'n plaasvervanger aanvaar? Waarom sou ons iets fanaties neem? Waarom sou ons 'n radikale, koue, formele, onverskillige geloofsbelydenis aanvaar, wanneer die Pinksterhemele vol van die regte egte artikel is? Waarom 'n plaasvervanger aanvaar?

52 Here, laat ons teruggaan na die begin, en dit aanvaar soos hulle het aan die begin, en dieselfde werke, tekens, wonders hê wat dieselfde vrugte dra: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, barmhartigheid, sagmoedigheid, sagtheid, geduld. God skenk dit. Hoor ons, Vader, want ons gee hierdie kerkie en hierdie herlewing vir U in U hand, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën julle. Ek haat om te moet hardloop, maar dis na elf nou. Ek sal julle vanaand sien. Dank . . .

Dinge Wat Nie So Was Van Die Begin Af Nie AFR61-0119M
(Things That Wasn't So From The Beginning)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagoggend, 19 Januarie 1961, by die Amerikaanse Legioen Saal in Beaumont, Texas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org